# Noah's Ark Independent Primary School

| | |
|---|---|
| Subject: Afrikaans | Examiner: Voorby, C |
| Type: End of 3rd Term Assmt | Moderator: Teles, K |
| Date: 8 October 2020 | Grade: 5-___ |
| Marks: 100 Marks | Time: 1 hour 45 minutes |

Naam:

**Instruksies:**

Lees die vrae aandagtig deur voordat jy begin skryf.

Maak seker dat jy al die vrae beantwoord.

Skenk veral aandag aan spelling, taalfoute en sinskonstruksie.

Skryf netjies en leesbaar.

## Afdeling A: Luister en Praat

Hervertel kortliks die sorie van "Florence Nigtingaile"

Rubriek

| | | |
|---|---|---|
| Vlotheid | 2 | |
| Korrrekte uitspaak | 2 | |
| Praat in vol sinne | 2 | |
| Praat in die korrekte tyd – bv. verlede tyd | 3 | |
| Gebruik gepaste volume en intonasie | 3 | |
| Kontak met die klas / gehoor | 3 | |
| Totaal | 15 | |

## Afdeling B : Lees en Kyk

Somerreën

Dit is 'n perfekte somersdag vir Tshegofatso se partytjie. Sy is bly oor die present wat die tweeling, Tumelo en Kgalemo, vir haar gebring het. "Maak oop!" jaag Tumelo haar aan."Moet ons nie wag tot Zandile ook hier is nie?" "Hoekom nooi jy daardie gemene meisiekind?" kla Kgalemo.Tshegofatso maak die pakkie oop en klap bly hande. Dis twee pragtige blink haarknippies. "Baie dankie," sê sy vir die tweeling wat al in die boom by die hekkie sit.Zandile kom aangestap met die mooiste rok aan en 'n groot persent. "Dis 'n paar van my ou rokke. Hulle lyk baie beter as die ou ding wat jy aan het."Tshegofatso wil huil. Sy kon kies of sy 'n nuwe rok wou hê en of sy liewer drie maats wou oornooi."Zandile!" roep die tweeling uit die boom uit. "'n Bietjie somerreën!" Hulle keer 'n emmer water op haar uit. Haar pragtige rok hang verlep om haar lyf."Sies, julle is gemeen!" huil Zandile en hardloop terug na haar pa se blink motor.Tshegofatso weet die tweeling was stout, maar sy is bly sy kan nou ten minste haar verjaarsdag geniet.

1. Wie is die karakters in die storie? (4)

____________________________________________________________

____________________________________________________________

2. Was dit 'n perfekte somersdag vir Tshegofatso se partytjie? (1)

   (a) Ja dit was

   (b) Nee dit was nie

3. Die partytjie is op 'n baie wintersdag. (1)

   (a) waar

   (b) onwaar

4. Zandile was ____________ dogter. (1)

(a) vriendelik

(b) kwaad

(c) gemeen

5. Het die tweeling 'n geskenk vir Tshegofatso gebring? Indien ja wat was die geskenk? (4)

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

6. Was die tweeling gelukkig dat Tshegofatso vir Zandile genooi het? (3)

____________________________________________________________

____________________________________________________________

7. Wat is hulle opinie oor Zandile? (3)

____________________________________________________________

____________________________________________________________

8. Wat was die groot present wat Zandile gebring het? (3)

____________________________________________________________

____________________________________________________________

9. Dink jy Zandile is 'n goeie vriend? Hoekom of hoekom nie? (4)

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

10. Tussen wat moes Tshegofatso kies? (4)

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

11. Vir wie het die tweeling uit geroep? Wat het hulle daarna gedoen? (4)

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

12. Dink jy dit is reg wat die tweeling aan Zandile gedoen het? Gee 'n rede vir jou antwoord. (4)

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

13. Was 'n vriend al lelik met jou? Wat het gebeur? Wat was die gevolge daarvan? (4)

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

_____ / 40 Punte (Afdeling B)

## Afdeling C: Taalstrukture en Konvensies

1. Skryf die saamgestelde woorde vir die volgende. (4)

   a. maan + lig = ________________________

   b. haar + knippie = _____________________

   c. reën + drupel = ______________________

   d. woord + wurm = ______________________

2. Voorsien die skuinsgedrukte woorde van koppeltekens. (4)

   a. Die boer het 'n goeie uieoes na die reën.

   b. In Bloemfontein Suid het dit gehael.

   c. Thuto hulle kry warm.

   d. Hulle hardloop lag lag deur die water.

3. Onderstreep die werkwoorde in die volgende sinne. (4)

   a. Dit reën al die hele week.

   b. Dit het nog nooit so gehael nie.

   c. Die wind waai woes buite.

   d. Die son skyn warm vandag.

4. Gebruik die woord tussen hakkies en verander die volgende sinne na vraag sinne . (3)

a. Dit is koud buite. (Waar)

______________________________________________

b. Die son skyn warm. (Hoe)

______________________________________________

c. Dit hael nou hard. (Wanneer)

______________________________________________


_____ / 15 Punte (Afdeling C)

Afdeling C Skryf en Aanbied

Skryf 'n interessante storie oor enige van Suid-Afrika se mense of diere. Jou storie moet ten minste 100 woorde lank wees.

- Maak 'n kopkaart
- Jou storie moet 'n begin, 'n middel en 'n einde het
- Beplan jou eerste weergawe.
- Skryf jou finale weergawe.
- Gebruik voegwoorde soos en, maar, om sinne langer te maak.
- Gebruik die regte aanhalingstekens.

# Kopkaart



Rubriek

| | | |
|---|---|---|
| Inhoud | 10 | |
| Spelling | 5 | |
| Punktuasie | 5 | |
| Verbindings woorde gebruik | 5 | |
| Het die storie 'n begin, middel en 'n einde | 5 | |
| Totaal | 30 | |